# *Jaarverslag van die Hoërskool Montagu 2025*

# INHOUDSOPGAWE

1. Skoolhoof se verslag
2. SBL bedanking
3. Bemarking en HSMO se verslag
4. Akademie en NSS
5. Kultuur & Leierskap
6. Sport
7. Grond en Geboue
8. Dissipline
9. Waardes
10. Koshuis
11. Slotopmerkings en Vooruitsigte 2026

H.S.Montagu

Kwaliteit onderrig en leer



Geagte Ouers / Voogde

Ons kan met dankbaarheid terugkyk na ‘n geseënde 2025-skooljaar by Hoërskool Montagu. Dankie aan elke persoon wat met die skryf van die jaarverslag ‘n bydrae gelewer het om dit wat die jaar in en om Hoërskool Montagu plaasgevind het, weer te gee. Die harde werk wat deur personeel, leerders, ouers/voogde en die gemeenskap gedoen is, verdien egter die eer.

Daar is soveel waarop ons kan trots wees en elkeen se bydrae en toewyding is van onskatbare waarde om ‘n beter, uitnemende skool vir die toekoms te bou.

Die hooffokus van Hoërskool Montagu is om ‘n gebalanseerde opvoeding aan elkeen van ons leerders te verskaf en daarom plaas ons die klem op akademie. Ons is in oorvloed geseën met ‘n bekwame personeelkorps met diverse kennis en vaardighede om te verseker dat die kurrikulum tot die beste van ons vermoë en in die beste belang van al ons leerders suksesvol gelewer word.

Dankie vir elke ouer/ voog se bydrae. U hulpverlening agter die skerms, betrokkenheid by sport en funksies en u finansiële ondersteuning aan ons skool word waardeer. Sonder u kan Hoërskool Montagu nie suksesvol wees nie.

Ons het ‘n span van baie toegewyde ouers/voogde op ons Skoolbeheerliggaam. Hulle onbaatsugtige diens en belangstelling in ons kinders se opvoeding neem baie van hul opoffering en tyd in beslag. Hulle is hoogs bekwaam en aanvaar elke uitdaging met entoesiasme. Ons dank u daarvoor.

Soos ons 2025 se einde nader, moet ons reflekteer oor die jaar se gebeure om perspektief te kan kry oor al ons moeite en harde werk. Dit was ‘n besige en suksesvolle jaar met vele aktiwiteite en prestasies. Ek wil graag ‘n paar uitlig:

- Ons vier ons matriekklas van 2024 se pragtige uitslae met drie leerders wat A-gemiddeldes behaal het.
- Ons skool begin ‘n nuwe kloktradisie vir elke nuwe leerder of personeellid wat die skool binne tree of verlaat.

- Sekuriteit en veiligheid word opgeskerp tot voordeel van ons leerders en personeel met die installering van 'n kamerastelsel in klaskamers, gange en op ons terrein.
- Op kultuurgebied het ons vele toekennings verwerf by die jaarlikse Montagu Jeugkunstefees en ons koor verwerf 'n goue toekenning. By die Worcester eisteddfod behaal die koor 'n pragtige 95%
- Ons sportspanne presteer pragtig en die Interskole-beker staan steeds veilig in ons vertoonkas vir die derde agtereenvolgende jaar.
- Ons sportfasiliteite word deur die HSMO opgegradeer met die inhuldiging van ons nuwe atletiek hekkies, die nuwe verspringput met 'n sintetiese aanloop, die opgradering van die diskusnette en die gewigstootsirkel.
- Ons sewes rugby presteer uitstekend met ons o/17-span wat die beker wen by ons eie en die Hoërskool Strand se toernooi.
- Ons bied ons Revue, Platinum-lentebal, Koorfees, Sewes feesnaweek en Matriekafskeid suksesvol aan.
- Drie splinternuwe padelbane word by die koshuis opgerig en ons sien uit om padel as nuwe sport by die skool te vestig.
- Verdere verbeteringe, projekte en prestasies sal in hierdie jaarverslag vervat word.

Ons visie, missie en waardes moet altyd ons basis wees waarvolgens ons seker maak dat ons leerders groei en ontwikkel tot volwaardige burgers van Suid-Afrika.

**Mnr. J. T. Benadie**
**SKOOLHOOF**

# 2. SKOOLBEHEERLIGGAAM (SBL)

Hierdie liggaam se ondankbare diens word nie altyd na waarde geskat nie. Die kennis en kontakte waaroor die SBL kollektief beskik, stel ons in staat om met min geld baie gedoen te kry.

Ons innige dank aan hierdie groep ouers en personeellede wat soveel vir die skool beteken. Twee nuutverkose SBL-ouerlede sluit by ons aan in 2025.

Die huidige lede van die SBL vir die 2025 – 2027 termyn is:

| | |
|---|---|
| Mev. M. Dettbarn | (Voorsitster) |
| Mnr. N. Joubert | (Ondervoorsitter) |
| Mnr. P. Olivier | (Tesourier) |
| Mev. J. Beukes | (Sekretaresse / Onderwyspersoneel) |

| | |
|---|---|
| Mnr. D. Büre | (Ouer) |
| Mnr. C. Hanekom | (Ouer) |
| Mnr. P. Strydom | (Ouer) |
| Mev. M. O'Shea | (Ouer) |
| Mev. L. Ferreira | (Onderwyspersoneel) |
| Mnr. J. Benadie | (Skoolhoof) |
| Mev. L. Lewis | (Nie-onderwyspersoneel) |
| Me. K. Malgas | (Leerderverteenwoordiger) |
| Me. A. Shirley | (Leerderverteenwoordiger) |

Ons huidige SBL se termyn eindig in Maart 2027. Ons wens hulle alle sterkte toe en wil graag 'n beroep op al ons ouers / voogde doen om ons SBL te ondersteun in hul belangrike taak. Ons wil vir u die versekering gee dat elkeen van hulle ten alle tye die skool, elke leerder en elke personeellid se beste belang altyd eerste stel.

# 3. BEMARKING EN HSMO SE VERSLAG

### 3.1 BEMARKING: Die jaar in oorsig

Die bemarkingsportefeulje bestaan uit die volgende skoolpersoneel en beheerliggaamslede:

| | |
|---|---|
| Mev. M. Dettbarn | Voorsitter |
| Mev. M. O'Shea | Sekretaresse |
| Mnr. P. Strydom | SBL-verteenwoordiger |
| Mnr. P. Booysen | Skoolverteenwoordiger |
| Mev. C. Burger | Skoolverteenwoordiger |
| Mev. L. Ferreira | Skoolverteenwoordiger |
| Mev. F. Roux | Skoolverteenwoordiger |
| Mev. A. van Brouwershaven | Skoolverteenwoordiger |

Bogenoemde span beywer hulle om die handelsmerk van die skool te ontwikkel en uit te brei. Die hoofdoel van bemarking is om 'n positiewe beeld van die skool te bevorder en mense se denkwyse en gevoel rondom die skool positief te beïnvloed. Die skoolhandelsmerk is meer as net 'n logo of 'n hutsmerk, die handelsmerk beeld die hartklop van die skool uit. Ons maak dus gebruik van ons webtuiste en sosiale mediaplatforms, soos *Facebook* en *Instagram* om ons skoolkultuur uit te beeld. Ons is die skool in die platteland vir die platteland, wat beteken ons skool het 'n sterk gevoel van gemeenskap en nouer verhoudings met mekaar as wat in groter skole voorkom.
Die bemarking verkoop ook produkte met die skool se handelsmerk daarop. Produkte soos "*hoodies*", komberse, sportsakke, skryfbehoeftes, huiswerkboekies en kouse is verkoop, sodat die gemeenskap ook kan deel in die trots van Hoërskool

Montagu. Die bemarkingspan wil graag die Ondersteunersklub bedank vir al die fondse wat hul insamel en al die projekte wat hul aanpak met daardie fondse wat die skool se beeld bevorder en sodoende direk aansluit by bemarking se hoofdoel.

### 3.2 HSM ONDERSTEUNERSKLUB (HSMO) - 2025 in oorsig

Die Bestuur van die Hoërskool Montagu Ondersteunersklub (HSMO) kyk terug oor ‘n besige jaar waarin daar baie hard gewerk is en verskillende projekte suksesvol aangepak en afgehandel is. Die hoofdoel van die HSMO word steeds as riglyn gebruik vir alle projekte, naamlik: Die bevordering van die skool (geriewe, toerusting, perseel), leerders en om die skool se beeld te bevorder. Die Bestuur bly dit eens dat die harde werk wat ingesit word ‘n duidelike verskil moet maak aan die skool, nie net op korttermyn nie maar ook staande moet bly vir die toekoms.

Die Voerkraal-projek bly steeds ‘n trotse aanwins en in 2025 het dit net nog meer waarde toegevoeg tot die HSMO se portefeulje. Vanjaar se toevoegings tot hierdie projek sluit die gedeeltelike toemaak van die laaste derde van die agterstoep in om meer beskutting teen wind en weer te bied en nog meer spasie beskikbaar te stel vir die voorbereiding van kos. Daar is ook vanjaar geld spandeer aan nuwe toerusting vir die voerkraal soos twee dubbel-bak diepvet-braaiers wat die Voerkraal se spyskaart toelaat om items soos slaptjips en ander diepvetbraai-items in te sluit. Die HSMO het ook ‘n stel pragtige gietyster-vuurbakke bekom wat tydens Montagu se witgerypte wintersoggende rondom die Voerkraal aangesteek word waar leerders hulself kan warm hou. Die toemaak van die agterstoep en die ander toevoegings het ons vanjaar ongeveer R7000 gekos. Die HSMO bedank die ouers van Hoërskool Montagu wat tydens elke tuiswedstryd bereid is om tyd op te offer en te help om die honger massas te bedien. Ons moedig ook ouers wat nog nie ingeskakel het nie, om kontak te maak met Lize of Mariek, en deel te word van ‘n betrokke ouerkorps.

Die HSMO is passievol oor bevordering van atletiek by Hoërskool Montagu en wil ons leerders die geleentheid gee om blootgestel te word aan professionele standaarde en om met die kwaliteit toerusting te kan oefen. Die droom is ook om die skool te kan bystaan om ‘n voor-seisoen oefenprogram te loods waartydens leerders meer blootstelling kan kry tot atletiek. Hierdie droom het aanleiding gegee tot vanjaar se groot mikpunt, die *Hekkie-projek* waar oud-matriekklasse genader is om ‘n hekkie te “borg” en sodoende hul klas se naam te verewig by HSM. Hierdie projek is met groot *fanfare* geopen tydens die tuis-wedstryd vs HS Robertson in April en die groot aantal ekstra voete wat die dag bygewoon het getuig van die sukses daarvan. Na afloop van die dag is die oud-matrieks genooi na ‘n kaas-en-wyn funksie in die Klubhuis om die HSMO se dank te betoon.

Die Hekkie-projek het R166 000 ingesamel wat meer as genoeg was vir die aankoop van 60 splinternuwe hekkies. Die HSMO het die res van die bedrag aangevul uit hul eie fondse en in September Fase II van die atletiekprojek-betree toe die skool die groenlig gegee het vir verdere opknapping van die atletiekgeriewe. Dit sluit in die professionele oordoen van die A-verspringput, met 'n kort turf aanloopbaan en drie nuwe planke vir verspring en driesprong. Dit sluit ook in 'n nuwe Gewigstoot-ring aan die Bloekomboom-kant van die rugbyveld asook professionele Diskus-nette. Die projek word behartig deur Synsport en Usindiso-bouers onder die wakende toesig van Mnr. Prins en die Geboue & Terrein komitee. Hierdie toevoegings tot ons atletiekgeriewe sal HSM toelaat om atletiek-byeenkomste soos Noord-Boland op ons eie gronde te kan aanbied wat 'n lekker finansiële hupstoot sal wees in die toekoms. Die totale onkoste van hierdie projek staan tans op 'n allemintige bedrag van R230 000.

Daar word deurentyd reggestaan om oud-matriek reünieklasse te ontvang by HSM en die HSMO se steaketes by die Klubhuis vind groot aanklank. Vanjaar is daar vyf reünieklasse waarvoor die HSMO regstaan. Die klas van 1965 het vroeër vanjaar 'n skenking aan die skool gemaak na afloop van hul reünie en gevra dat dit geoormerk word om 'n skuiling of sg. *guard house* op te sit by die hoof voertuig-hek wat die kaartjieverkopers tydens sportdae sal beskerm teen die elemente. Die HSMO het ook R10 000 bewillig hiervoor. Die fondse hiervoor is ingesamel tydens 'n dans en steakete in die HSM saal. Die dans was 'n reuse sukses, en ons hoop om dit 'n jaarlikse instelling te maak.

Die HSMO het ten spyte van hierdie groot projekte steeds die skool bygestaan in die gewone projekte waarvoor hulle elke jaar pa-staan. Dit sluit in om leerders wat streeks of provinsiale klere kry finansieel te ondersteun sodat hulle toernooie en sporttoere kan bywoon. Ook leerders wat op kulturele vlak die skool verteenwoordig word finansieel bygestaan waar nodig. Die HSMO besef ook dat ons skool nie kan funksioneer sonder 'n gelukkige onderwyserskorps nie en weet dat ons onderwysers ook ondersteuning benodig. Daar word elke jaar gevra dat enige behoeftes aan die HSM oorgedra moet word deur middel van die onderwyser-verteenwoordigers op die HSMO-bestuur. Die HSMO bring ook ons kant deur die personeel met onderwysersdag 'n klein bietjie te bederf.

Die HSMO het bygedra tot die Sop-en-Brood dag wat die NGK vir leerders aangebied het na afloop van Interskole en is tans besig om gereed te maak vir die Matrieks se motiveringsete wat aangebied word op hul laaste skooldag. Daar word ook, soos elke jaar, bygedra tot die finansiële pryse wat leerders ontvang tydens die prysuitdeling. Die matrieks word ook gemotiveer met 'n finansiële hupstoot vir leerders wat gemiddelde A's ontvang in hul finale eksamen.

Die HSMO kyk met groot trots terug op 2025 en voel tevrede dat die baie ure se beplanning, harde werk en seer voete die moeite werd was en dat ons 'n positiewe verskil kon maak vir ons skool en sy leerders.

Die fokus vir 2026 sal wees om ons fondse weer aan te vul vir toekomstige projekte, en sal slegs kleinere projekte aanpak. Ons eerste fondsinsameling sal ons jaarlikse gholfdag wees in Februarie en ons moedig ouers en besighede aan om hierdie dag te ondersteun.

Saamgestel deur Lize Rossouw
HSMO bestuur 2025

# 4. AKADEMIE

### 4.1 MATRIEKUITSLAE 2024:

Die matriekklas van 2024 het tydens die NSS-eksamen uitstekend presteer. Ons matrieks van 2024 lewer 3 leerders met 'n gemiddelde A-simbool en 15 leerders met gemiddelde B-simbole. Verder behaal hulle ook die pragtige prestasie deur 'n 98,3% slaagsyfer te behaal! Hierdie was ons grootste groep graad 12's in die geskiedenis van die skool.
Wat die uitslae van 2024 verder besonders maak, is die feit dat 65% van die matrieks toelating tot verdere onderwys en opleiding behaal en dat dié klas 59 vakgemiddelde A-simbole verwerf. 'n Uitstekende prestasie om op trots te wees!

Baie geluk aan die Matriekklas van 2024! Hierdie is voorwaar 'n prestasie om op trots te wees. Julle het bewys dat 'n Montie inderdaad anders is!
Ons top tien kandidate is soos volg:

| | | | Gemiddeld |
|---|---|---|---|
| 1. | Franco Stemmet | (6 onderskeidings) | 86% |
| 2. | Nina Beukes | (6 onderskeidings) | 83,9% |
| 3. | Jana Strydom | (4 onderskeidings) | 83,7% |
| 4. | Arno Wright | (4 onderskeidings) | 79,6% |
| 5. | Chriszaan Conradie | (4 onderskeidings) | 79,1% |
| 6. | Nicholas Brunings | (3 onderskeidings) | 78,4% |
| 7. | André van Deventer | (3 onderskeidings) | 78,3% |
| 8. | Stefanie Burger | (3 onderskeidings) | 77,7% |
| 9. | Petri Fourie | (3 onderskeidings) | 77% |
| 10. | Lyall Kleinhans | (1 onderskeiding) | 76,1% |

Baie dankie aan ons toegewyde personeel vir al die ekstra ure, energie, motivering en omgee vir ons leerders. Baie geluk aan elke ouer/voog met u kind se pragtige uitslae. U het rede om trots te wees!

### 4.2 WKOD-SISTEMIESE TOETSE:

Op Woensdag die 27ste Oktober het die jaarlikse WKOD se sistemiese toetse vir ons graad 9's plaasgevind. Al die graad 3's, 6 en 9 leerders van publieke skole in die hele Wes-Kaap het deelgeneem aan hierdie toetsing. Die leerders het toetse afgelê in Wiskunde en in Tale.

### 4.3 UITSLAE GRAAD 8 – 12:

Ons leerders werk hard en gee elke dag net hul beste. Puik prestasies is behaal in elke graad. Hier volg die top 20 presteerders (in alfabetiese volgorde) aan die einde van kwartaal 3:

**GRAAD 8**
Adri Bothma, Johenlin Buchner, Jocelyn Conradie, Liyabona Danile, Haydenique Du Toit, Willow Esau, Emma Hahndiek, Tamar Hendricks, Pearl Jaftha,Onoluhle Jantjies, Mishca January, Sean Little, Layla Lodewyk, Rojean Marais, Marqueth-Lee Marthinus, Sonwabo Mgada, Joy-Line Nel, Owentando Ngabaza, Shjar-Moné Swanepoel en Christian Voges.

**GRAAD 9**
Lodewyk Beukes, Hailey Booysen, Ariane Brinkhuys, Meoné Büre, Johnique Carolissen, Ruan Cloete, Corlea De Koker, Carla Dettbarn, Denisia Domingos, Ridduwan Herdien, Aneischa Jakobs, Lienka Joubert, Kayla Kotzé, Lee Kotzé, Ané Nomdo, Aneisha Philander, Amorey Potgieter, Zack Roos, Wilmare Swanepoel en Hannli Volschenk.

**GRAAD 10**
Anzelle Albanie, Erin Banda, Jason Bezuidenhout, Anel De Bruyn, Tyricha De Wee, Mia Ellis, Gersh-Lynn Fisher, Isabelle Hahndiek, Quinzil Jansen, Jaime Johnson, Stella Meyer, DJ Minnaar, Henko Nel, Miné Olivier, Fannwin Plaatjies, Inge Sceepers, Revean Segelaar, Courtney Toorn, Lizca van Aarde en Adriana Visagie.

**GRAAD 11**
Jacobus Beukes, Sergio Burger, Ezrin Conradie, Mia Dettbarn, Joël Gordon, Peter Hattingh, Thamson Jansen, Zaywon Kana, Caitlin Koker, Janae le Roux, Nina, Malherbe, Ruby-Rose O'Shea, Emma Olivier, Mieke Olivier, Danika Schoeman, Tashley Skippers, Tasneem Steyn, Jadelyn van Wyk, Dirk von Wielligh en Anja Wolfaardt.

**GRAAD 12**
Nimra Ahmed, Joney Booysen, Arno Datson, Jamelia Du Toit, Suné Geldenhuys, LinathiGxagxa, Jomar Hanekom, John Hattingh, Tasneem Jansen, Cameron Jansen, Lieschen Joka, Halle Joseph, Richard Knipe, Siyambonga Lirafu, Kezia Malgas, Sias Meyer, Hermien Potgieter, Amy-Leigh Shirley, Mikayla Theron en Almay Wolmarans.

### 4.4 EKSTRA KLASSE:

Personeel skep geleenthede en is beskikbaar vir ekstra klasse. Onderwysers is elke Woensdag direk na skool beskikbaar vir akademiese hulp, maak net asb. vooraf 'n afspraak by die betrokke onderwyser. Ons fokus is veral die kernvakke, maar die ander vakke se personeel is ook beskikbaar. Leerders moet self met hulle reël – die onderwysers help graag. Ekstra hulpklasse vir graad 12 is aangebied om leerders te help met moeilike konsepte.

### 4.5 AANLEGTOETSE:

**GRAAD 9 VAKKEUSE**

Op Woensdag, die 4de en Donderdag die 5de Junie, het oom Kobus Wium aanlegtoetse met ons graad 9's afgelệ met die oog op moontlike vakkeuses en loopbaankeuses vir hul graad 10 jaar en na skool.
Alles het baie goed afgeloop en oom Kobus het dan ook hul aanlegtoets resultate later beskikbaar gestel. Ouers/voogde en leerders kan nou hierdie inligting gebruik om hul te help met hul vakkeuses vir volgende jaar.
Op die 25ste Augustus het daar 'n graad 9 vakkeuse aand plaasgevind, waar ouers/voogde en leerders teenwoordig was. Oom Kobus was ook die dag beskikbaar gewees, indien ouers 'n gesprek met hom wou voer oor die leerders se resultate. Elke vakhoof het ook sy/ haar vak se inligting met die ouers gedeel.

### 4.6. TOP 20-AKADEMIESE FUNKSIE:

Die Top-20 Akademiese funksie is ingestel om erkenning te gee aan leerders wat uitstaande akademiese prestasie lewer. Die Top-20 akademiese presteerders in elke graad ontvang elke kwartaal 'n balkie gedurende die spog-funksie. Die top vyf presteerders se name en gemiddelde word ook bekend gemaak.

# 5. KULTUUR & LEIERSKAP

## 5.1 KULTUUR

Die kultuur by HSM brei elke jaar uit en nuwe projekte word aangepak om die leerders die beste moontlike geleentheid te bied om hul talente te ontdek en uit te leef.

- **REVUE** – gedurende die laaste week van die eerste kwartaal het HSM ʼn baie suksesvolle Revue aangebied waar leerders hul talente met die gehoor kon deel. Maande lank het die dansers, sangers en akteurs voorberei om ʼn skouspelagtige vertoning te lewer oor die twee aande wat die Revue gehou is. Dit was beslis ʼn hoogtepunt in 2025.
- **KOOR** – die skoolkoor het hierdie jaar nuwe hoogtes bereik. Tydens die Montagu Eisteddfod behaal hulle ʼn wel-verdiende 82%, wat hul ʼn Goue toekenning in die sak bring. Tydens die Worcester Eisteddfod behaal die koor ʼn ongelooflike 95% en word met ʼn Medalje-toekenning beloon, voorwaar ʼn prestasie om op trots te wees. HSM se koorfees word elke jaar groter en die koor neem ook hier deel aan die massakoor, ʼn ervaring wat hul vir nog baie lank sal onthou. Hul word ook uitgenooi om tydens die Kerssangdiens van die NG Kerk Montagu op te tree en tree ook tydens die prysuitdeling op. Die skoolkoor groei elke jaar en leerders geniet dit om saam te kan sing. Dit is harde werk, maar die koor het hierdie jaar uitmuntend presteer.
- **INDABA** – die skoolkoerant word drie maal per jaar digitaal uitgegee. Die skakel is op die skool se sosiale platforms beskikbaar. Die skoolkoerant bevat aktuele nuus oor die skool en personeel en die redaksie kry die geleentheid om hul joernalistieke vaardighede te ontwikkel. Die redaksie hou ook hierdie jaar ʼn nagereg-dag, waar dit die begin van ʼn fondsinsameling is om hul eie kleurdrukker te koop.
- **SENIOR REDENAARS** – HSM het knap en selfversekerde sprekers. Lizca van Aarde is aangewys as die senior wenner.
- **JUNIOR REDENAARS** – HSM bied ʼn baie suksesvolle redenaarskompetisie vir die juniors aan. Hulle het hul baie goed van hul taak gekwyt. Die wenner is Lodewyk Beukes.
- **ATKV-Redenaars** – twee van ons leerders neem deel aan die ATKV-redenaarskompetisie en kwyt hul uitstekend van hul taak. Lodewyk Beukes neem deel aan die eerste rondte se uitdunne en Lizca van Aarde gaan deur na die semi-finale uitdunne. Dit wys jou net, ons Monties kán redeneer!
- **ENGELSE SPELLING BEE** (Spelkompetisie) – Leerders neem ywerig deel aan die junior en senior *Spelling Bee* en vaar baie goed. Die Senior *Spelling Champ* is Ruby Rose O'Shea en die junior, Marno Mathysen.

- **AFRIKAANSE SPELKOMPETISIE** – Leerders neem deel aan die junior en senior Spelkompetisie en vaar goed. Die Senior spelkampioen is Tamia London en Meoné Bure, die junior.
- **SENIOR PUBLIC SPEAKING** – leerders kwyt hul goed van hul taak en die kompetisie was straf. Ruby-Rose O'Shea is die wenner.
- **JUNIOR PUBLIC SPEAKING** – leerders het interessante sienings en is lug hul opinie met selfvertroue. Die junior wenner is Amoréy Potgieter.
- **DRAMA** – Die Drama is stadig maar seker besig om te groei en leerders is opgewonde om hul talente te ontdek.
- **CSV** – Daar is 4 kringleiers die jaar betrokke by die CSV, onder leiding van Ds. Suzette Turner. Janae Le Roux, Ruby-Rose O'Shea, Ehrin Fortuin en Suné Geldenhuys, het gereeld in die saal geopen met skriflesing en gebed. Ons het op ŉ gereelde basis gassprekers gekry wat ons besoek het. Daar is verskeie waardes tydens CSV sessies bespreek en behandel. Hierdie jaar het ons gefokus op liefde, hoop en geloof. Ons het verder ook geleer hoe hierdie waardes ons toerus om in die lewe te volhard en te oorwin. Die hoogtepunt bly verseker die lofliedere wat tydens elke CSV diens gesing word! CSV is ŉ unieke geleentheid in die skool en dit is vir ons leerders van onskatbare waarde.
- **BIBLIOTEEK**- Ons is baie trots op ons Montie-lesers! Vanaf 2012 vermeerder ons lesersgetalle nog steeds jaarliks.
  November 2025 is dit weer ons twee jaar siklus vir aankoop van die nuutste beskikbare boeke. Dankie aan die 17 biblioteekprefekte vir julle toegewydheid, stiptelikheid en bereidwilligheid. Julle is vir seker die hartklop van die biblioteek.
- **KUNS**- Die kunsleerlinge was baie bedrywig hierdie afgelope jaar in die kunsklas en het pragtige werke gemaak wat ons dan ook ingeskryf het by die Worcester Eisteddfod en Montagu Jeugfees. Ons wen verskeie medaljes en trofees, asook goud, silwer en brons.
- **LANDSDIENS**- Die Landsdiensleerlinge het die afgelope jaar weer gewys hoe belangrik gemeenskapsdiens is. Hulle het in groepe tydens die Junievakansie aan verskille projekte individueel deelgeneem o.a. die Montagu Cares Projek waar sop, brood en warm klere aan minderbevoorregtes uitgedeel is. Van ons nuwe lede in Gr.8 het op Mandeladag by die Ouetehuis gaan help om die tannies te pamperlang. Iman Samson en Maheen Ahmad het speletjies en kos gereel by een van die plaasskole van ons dorp. Peter Hatting (Gr.11) is tydens 'n kamp gekies om die Wes-Kaap te verteenwoordig aan die einde van die jaar op die Nasionale kamp. Ons het ook geld ingesamel vir ons vele projekte met 'n paar koekverkopings en sivviedae. Meoné Büre het met die hulp van haar pa 'n uiters suksesvolle sterrekykaand aangebied.

- **NOODHULP**- Ons noodhulpspan bestaan uit 'n groep baie gewillige en staatmaker leerlinge wat saterdae hul vrye tyd opgeoffer het om telkemale langs die verskeie sportvelde gereed te wees om enige medeleerling te help t.o.v. hul sportbeserings. Ons is baie dankbaar vir hul ondersteuning.

## 5.2 LEIERSKAP

BK 2025: Arno Datson, Jamelia du Toit, Jomar Hanekom (Hoofseun), John Hattingh, Tasneem Jansen, Halle Joseph, Siyambonga Lirafu, Jaywin Noemdo, Kezia Malgas (Hoofmeisie), Carla Prinsloo, Morné-John Roos (Onderhoofseun), Amy-Leigh Shirley (Onderhoofmeisie) VOOGDE: mev. Van Niekerk en mnr. Booysen.
Die BK skop af met ʼn opleidingsessie wat spesifiek op leierskap fokus en wat deur verskeie personeel aangebied is. Dit bepaal die samewerking en groepwerk vir die volgende jaar. Verskeie projekte is aangepak waar hul uitreik na die gemeenskap en so hul menswees ontwikkel. Die BK van 2025 het ʼn baie suksesvolle termyn agter die rug en hulle goed van hulle taak gekwyt. Behalwe vele geesvang dae wat gereël is, is een van die hoogtepunte altyd Mnr. en Mej. HSM. Hierdie jaar het ons ʼn draai in Sprokiesland gaan maak en dit was weereens ʼn ongelooflike sukses, Hulle laaste amptelike funksie is die Oscar-saal waar erkenning aan mede-leerders gegee word. Die BK se termyn verstryk aan die einde van die derde kwartaal, wanneer hulle die vaandel aan die nuwe BK oorgee na ʼn suksesvolle jaar.

**SENIOR VLR 2025**: (Gr. 11) Jacobus Beukes, Bergie Burger, Mia Dettbarn, Ruby-Rose O'Shea, Elzay Strydom, Khia Witbooi, (Gr. 10) Chayim du Toit, Corli Gous, Jaime Johnson, Henko Nel, Shafique Pietese, Noah Wiese. Die voogde is mnr. King en mev. Van Brouwershaven.

Senior VRL – Die Senior VRL het hulle goed van hul taak gekwyt deur deurlopend deur die jaar te help met die dissipline in die rye en gange. Hulle het ook gehelp om waardes maandeliks bekend te stel deur die waarde aan die leerders te verduidelik tydens saal. Daar is ook ʼn baie suksesvolle Valentynsdans sokkie gehou met die tema "*Secret Admirer.*" Baie dankie vir elke VRL-lid wat hulle tyd opgeoffer het vir diens aan die skool.

**JUNIOR VLR 2025**: (Gr. 8) Adri Bothma, Haydenique du Toit, Willow Esau, Tenley Filton, Tamar Hendricks, Owentando Ngabaza, (Gr. 9) Lodewyk Beukes, Dewald Datson, Christiaan Hartman, Ané Nomdo, Aneisha Philander, Zack Roos Die voogde is mnr. Olivier en mev. Roux

Die Junior VLR het die jaar afgeskop met ŉ opwindende en bedrywige kwartaal een. Valentynsdag was kleurvol met ŉ rooi, wit en pienk sivviedag, as deel van die fondsinsameling waar ons ook hamburgers en ysies verkoop het. Die Donderdag-middag het hulle heerlik piekniek gehou vir die graad 8 en 9 leerders. Die tema was "*Summer Vibes*" waar die leerders lekker geëet het en Vlugbal gespeel het. Die nuwe graad 8's het dit baie geniet, lekker gedans en nuwe vriendskappe is gevorm.

Die Junior VRL het in Augustus vir drie Vrydae elke pouse warm sjokolade verkoop en mekaar afgelos by die stalletjie. Hierdie was ŉ reuse treffer onder die leerders.

In kwartaal 3 het die rade besluit om terug te ploeg in ons eie Montie-gemeenskap en die hele Hoërskool Montagu is bederf met sop. Die junior VRL het voor gevat met die reëlings om die hele skool te bederf. Baie dankie vir elke VLR-lid se harde werk gedurende die jaar.

Die verkiesing van die leiers vir 2026 is reeds in die derde kwartaal afgehandel. Die rade het reeds begin diens doen. Hul het amptelik hul Eed as leiers onderteken tydens ŉ spesiale Inhuldigingseremonie op 10 September. Die graad 8 VLR vir 2026 sal gedurende die eerste kwartaal van 2026 verkies word.

Die leerderleierskap van Hoërskool Montagu is gesond en onder leiding van die verskeie voogde word die waardes van Monties uitgeleef.

# 6. SPORT

**KRIEKET** - Hoërskool Montagu se krieketspanne het vanjaar baie goed gevaar. Ons skryf 3 spanne in die onderskeie ligas in, O/15A, O/19A en 'n dogterskrieketspan.
Al die spanne vaar baie goed in hul onderskeie ligas en al drie spanne wen vanjaar hul Interskole wedstyde. Morne-John Roos is opgeneem in die Noord-Boland O/19 krieketspan.

**RUGBY**- Hoërskool Montagu skryf vanjaar 7 spanne in die onderskeie ligas in, O/19A, B en C, O/16A, O/15A en B en O/14A.
Al die spanne het vanjaar baie goeie rekenskap van hul self gelewer en ons het gewys ons hoef nie terug te staan vir die veel groter skole anderkant die berg nie. Die O/19A-span het weer deelgeneem aan die jaarlikse Oakdale rugby-toernooi in Riversdal. Die span speel baie mooi rugby en is weer uitgenooi om die toernooi in 2026 by te woon. Vanjaar is Morne-John Roos opgeneem in die O/18 Boland Akademie-rugbyspan wat in Middelburg aan die Cravenweek deelgeneem het.
Baie geluk Morne-John, ons is baie trots op jou!

**SEWES RUGBY**- Die 2025 seisoen was ’n besonderse jaar vir ons sewesrugbyprogram. Met driespanne – ’n O/15-span, sowel as ’n O/17 A- en B-span het ons aan vyf toernooie deelgeneem. Die O/17 span wen beide ons eie en Hoërskool Strand se toernooi en die O/15 span is naaswenners. Die seisoen het nie net goeie spel en spanontwikkeling getoon nie, maar het ook drie van ons spelers die eer besorg om vir die Boland 7’s-span gekies te word: Eldrin de Koker, Jordan Mc Gregor en Keagan Buis. Mnr. Pieter Booysen word ook verkies as die O/17B-span se hulpafrigter – ’n merkwaardige prestasie waarop ons uiters trots is.

**SKAAK**- Ons Skaakspan het uitstekend presteer in 2025. Onder andere is Siyambonga Lirafu gekies as ‘n reserwe vir die nasionale skaak span. Die hoogtepunt was beslis weer toe ons ‘n intimiderende Bredasdorp, met verkeie streeks spelers geklop het vir ‘n interskole punt.

**BERGFIETSRY**- Ons Bergfietsry groei elke jaar en oefen deurlopend baie hard deur die jaar. Ons fietsryers het aan verskeie gleenthede deelgeneem en baie goed presteer. Onder andere het Sias Meyer, in die Klein Karoo Gravel Corridor Challenge in die 80km en die Karoo Poison in die 58km eerste plek behaal. Ook ons jonger fietsryers presteer goed, soos Max Kitson wat 2de plek behaal het by die Karoo Poison op die 28km. Ons hoop om net te groei in 2026. Ons het al klaar Laerskool Montagu fietsryers wat getrou saam met die Hoërskool span kom oefen, en ons hoop hulle kan volgende jaar hul tande kan slyp vir ons span.

**TENNIS**- Hoërskool Montagu het 4 spanne in hul onderskeie ligas. Die 1ste spanne neem deel aan die Arende Afslaan toernooi in die Strand, waar hul die silver medalje ontvang het en ook in Swellendam se gemengde dubbels toernooi waar hul 2de eindig. Die Monties het vanjaar baie goeie rekenskap van hulself gelewer en spog met Henko Nel, Jacobus Beukes, Lodewyk Beukes en Zack Roos wat die Noord-Boland spanne verteenwoordig het.

**GHOLF-** Hoërskool Montagu skryf vanjaar 2 spanne in vir die Boland-liga. Die 1ste span het goeie gholf gespeel deur die jaar en het 4de in die liga geëindig. Morné-John Roos eindig in die 7de plek van die Boland liga individuele spel. Die 1ste span het ‘n uitstekende wen opgelewer by die Interskole met ‘n telling van 59-51 en die 2de span wen 49-21.

**HOKKIE**- Hoërskool Montagu het ‘n fantastiese hokkieseisoen gehad. Vyf hokkiespanne het ligawedstryde gespeel naamlik, O/18 en O/16 seunsspanne en O/18 A & B en O/16 dogterspanne.Ons het vanjaar twee spanne na Charlies se hokkiefees in Ceres geneem gedurende die Maart vakansie. Ons hokkietalent groei met Noah Wiese wat Noord-Boland kleure verwerf het. Jadelyn van Wyk is verkies as reserwe vir die Boland span wat nie gaan toer nie en Beulah Beukes is opgeneem in die 0/18C Boland hokkiespan. Baie geluk ons is ongelooflik trots op julle!

**INDOOR HOKKIE**-Ons streek het vanjaar vir die tweede keer ʼn indoor hokkieliga gehad. Die wedstryde is in die Callie de Wet-saal in Robertson gespeel. Een dogter- en een seunspan het aan die liga deelgeneem. Die dogters het 3de geëindig en die seuns 4de. Wel gedaan julle!!!

**NETBAL** -Ons skool se netbal het hierdie jaar ‘n baie suksesvolle seisoen beleef. Ons skryf vanjaar 13 spanne in die onderskeie ligas in, O/14 A, B en C, O/15 A, B en C, O/16 A, B en C sowel as O/19 A, B, C en D. Hierdie spanne het almal baie goed presteer en ons het telkens bewys ons hoef vir geen skool terug te staan nie.
Die O/19 A oefengroep het vanaf 30 April tot 3 Mei aan die Kwagga Netbalfees in George deelgeneem.
Ses van ons leerders het deurgedring na die Kaapse Wynland netbalproewe in Stellenbosch. Hier is Jaime Johnson opgeneem in die Kaapse Wynland O/16 Netbalspan en het deelgeneem aan die Interdistriktoernooi gedurende die Junie-vakansie. Haar span het tydens die toernooi ‘n silwer medalje verower.

**ATLETIEK**- Ons atlete het uitsonderlik gevaar die jaar. By die Kleure Atletiek is ses nuwe atletiekrekords verbeter in gewigstoot, driesprong, 400m en aflos.Ons het 73 atlete gehad wat deelgeneem het aan die sone byeenkoms en het 19 eerste plekke, 16 tweede plekke en 22 derde plekke behaal.Ons atletiek het ook puik presteer op streeksvlak waar twee van ons atlete: Zack Roos en Peter Wayne Soldaat, opgeneem is in die Bolandspan wat deelgeneem het by die Wes-Kaap se kampioenskappe.Zack en Peter-Wayne haal ook die Wes-Kaap span en gaan neem deel aan die SA kampioenskappe in Bloemfontein. By die SA kampioenskappe behaal Zack ‘n 5de plek in gewigstoot en Peter-Wayne ‘n 9de plek in verspring.

# 7. GROND EN GEBOUE

**Fisiese Geriewe / Terrein / Toerusting**
Die geboue/terrein en toerusting komitee, onder leiding van mnr. Peter Strydom, is baie aktief. Die grootste drie projekte van die afgelope jaar is die verf van die grondvloer se gange, die herstel en verf van die tennisbane se speeloppervlakte en die finalisering van die besproeiing van die A-hokkieveld. Die gange van die skool is meer as 30 jaar laas gedoen en die voorbereidingswerk het baie tyd geneem. Alle fotorame is verwyder en word geskuif sodat die direkte sonlig nie verder skade doen nie. Ons benodig steeds die hulp van oudleerders om van ons jaarfoto`s te help vervang.

Daar is die afgelope jaar talle ander projekte aangepak, wat onder andere die volgende insluit: nuwe dromme (“wheelie bins”) met die skool se logo op is aangekoop, tellingborde is oorgedoen, algemene verfwerk is gedoen, verdere opgradering van die hokkievelde se speeloppervlakte, herstelwerk aan die los pawiljoene, opgradering van die mansbadkamer by die paviljoen en klubhuis en

algemene verbeteringe en instandhouding. Ons nuwe gimnasium word steeds uitgebrei en is voluit in gebruik. Die eerste fase van die matriekarea agter die saal het ook begin en sal in 2026 voltooi word. Daar is ook baie werk aan die twee hokkievelde, wat saam met Laerskool Montagu ontwikkel is, gedoen.

Sekuriteit en veiligheid is vir ons belangrik en die tweede fase van die installering van kameras is gedoen. By die grootste area rondom die hoofgebou en spesifieke belangrike areas op die stoepe is kameras geïnstalleer. Veiligheidshekke is aangebring by die biblioteek, om veiligheid en toegangsbeheer, tydens die gebruik van die saal en biblioteek op spesifieke geleenthede te help verseker.

Mnr. Strydom en sy span werkers sorg dat ons terrein netjies is en die skoolgebou en toerusting ‘n voorbeeld is vir die meeste ander skole. Meer as R650 000 is hierdie boekjaar uit eie fondse bestee aan verbeteringe en instandhouding. Ons fokusprojekte vir die volgende jare is verdere verbeteringe van ons sekuriteit, instandhouding en herstel aan ons netbalbane en besproeiing vir ons velde.

# 8. DISSIPLINE

### Dissipline en Skoolbywoning

Die pad na ‘n suksesvolle skool begin by dissipline, wat op sy beurt begin by korrekte skooldrag en goeie klaskamerdissipline. Die gedragskode word jaarliks hersien en die leerders het ook geleentheid om insette te lewer. Verder is die gedragskode vir 2025 aan die begin van die jaar met elke leerder in die skool behandel en elkeen het 'n afskrif daarvan ontvang. Daar word van die onderwyspersoneel en leerlingleiers verwag om die gedragskode toe te pas en afwykings dadelik aan te spreek. Oor die algemeen kom die groter meerderheid van ons leerders die gedragskode nougeset na.

Goeie maniere en die regte waardes is die grondslag vir die gesonde voortbestaan van ons skool, dorp en land. Hoërskool Montagu streef daarna om te help verseker dat dit wel die geval is, deur spesifieke waardes en beginsels jaarliks na te streef en uit te leef. Die skool se Dissipline- en Beleidskomitee, onder leiding van mnr. Niël Joubert, sorg dat alle beleidstukke in plek is. Oor die algemeen is die dissipline van HSM goed. Kleredrag van die leerlinge is netjies en korrek, hulle gedrag is goed en akademiese verpligtinge word nougeset nagekom.

Die huidige dissiplinestelsel werk goed en wanneer afwykings voorkom, word die nodige stappe geneem wat die volgende insluit: strafklasse, ouergesprekke, die weerhouding van voorregte en tydelike skorsing. Min ernstige dissiplinêre oortredings het die afgelope jaar plaasgevind en slegs `n paar dissiplinêre gesprekke en verhore het plaasgevind. Oor die algemeen is ons leerders se skoolbywoning baie goed en is die gemiddelde weeklikse teenwoordigheidsyfer bo 95%.

# 9. WAARDES

**Waardes (T2P)**

Daar word elke maand op 'n spesifieke waarde gefokus. Die Junior VRL, Senior VRL en die Bestuurskomitee werk om die beurt om die waardes aan die skool bekend te stel vir elke maand. Die waarde word bekendgestel in die saal, asook geïmplimenteer in die skool. Die waardes was soos volg:

| **MAAND** | **WAARDE** | **GROEP** |
|---|---|---|
| JANUARIE | DISSIPLINE | BK |
| FEBRUARIE | INTEGRITEIT | SNR VRL |
| MAART | EERLIKHEID | JNR VRL |
| APRIL | LOJALITEIT | BK |
| MEI | VRIENDELIKHEID | SNR VRL |
| JUNIE | OMGEE | JNR VRL |
| JULIE | TOEGEWYDHEID | BK |
| AUGUSTUS | BETROUBAARHEID | SNR VRL |
| SEPTEMBER | DOELGERIGTHEID | JNR VRL |
| OKTOBER | VERANTWOORDELIK | NUWE BK |
| NOVEMBER | DANKBAARHEID | NUWE VRL |
| DESEMBER | DIENSBAARHEID | NUWE VRL |

Daar is baie moeite gedoen met die implementering van die waardes. Die jaar het afgeloop soos beplan en die rade het hulle goed van hul taak gekwyt. Die implementering van die waarde elke maand, lê klem daarop dat die leerders nie net vakinhoud by die skool leer nie, maar dat daar ook aan hul menswees gewerk word. 'n Gebalanseerde leerder is 'n gelukkige leerder.

# 10. KOSHUIS

### Koshuis

Huis van Velden Koshuis is ‘n koshuis vir die Hoër- en Laerskool. Daar is tans agt en veertig leerders in die koshuis, sestien seuns en twee en dertig dogters. Daar is elf personeellede wat in die koshuis woon. Die hele koshuis is die jaar binne geverf, al die kamers en gange. Die kamers het ook almal nuwe gordyne gekry.’n Groot deel van die koshuis se vloere is ook oor gedoen. Al die opgraderings wat ons gedoen het is moontlik gemaak deur geld wat ons insamel. Die koshuis het ‘n suksesvolle jaar op alle gebiede gehad. Ons fokuspunt vir die jaar was om die koshuislewe só lekker as moontlik te maak, maar terselfdertyd ‘n goeie balans te handhaaf. Die koshuis bied ‘n veilige omgewing, ‘n standvastige roetine met vaste etenstye, studietye asook genoeg tyd om sosiaal te verkeer. Ons leerders wat hul studietye benut presteer dus goed akademies. Ons het leerders wat in die top 20 in hul grade lê. Ons het ook leerders wie se punte dramaties verbeter het, vandat hulle besluit het om by die koshuis aan te sluit. Huis van Velden sal altyd daarna streef om gebalanseerde leerders te ontwikkel.

# 11. SLOTOPMERKINGS EN VOORUITSIGTE 2026

Aan die einde van ‘n besige jaar, is daar vele mense aan wie dank verskuldig is. ‘n Suksesvolle skool in die platteland vir die platteland kan nie effektief funksioneer sonder ‘n hardwerkende personeel wat altyd bereid is om die ekstra myl te stap, ‘n betrokke Beheerliggaam, lojale ouers/ voogde, pligsgetroue leerders en die gemeenskap se ondersteuning nie. Baie dankie vir elkeen wat betrokke is en ‘n bydrae gelewer het vir die afgelope jaar. ‘n Besondere woord van dank aan die lede van die Beheerliggaam, onder leiding van mev. Mariek Dettbarn, vir harde werk, ywer en effektiewe funksionering van al die werksaamhede van die onderskeie komitees. Ook aan die lede van die skool se Ondersteunersklub, onder leiding van mev. Lize Rossouw, vir al die projekte wat u die afgelope jaar aangepak het en die hekkieprojek wat suksesvol voltooi is. Ek wil ook baie dankie sê aan die skoolhoofde en personeel van ons voeder-laerskole en die personeel van Kring 1, onder bekwame leiding van mnr. Nico Solomon, vir u ondersteuning en goeie samewerking.

Ons is dankbaar vir ‘n besondere geseënde jaar vir Hoërskool Montagu en sien met groot verwagting uit na 2026. Die gebeure in ons land en reg oor die wêreld, het ‘n mens net weer laat besef hoe kosbaar die lewe is en dat ons elke oomblik voluit moet benut. ‘n Mens kan nie anders as om met dank na die afgelope twaalf maande terug te kyk nie en met entoesiasme uit te sien na 2026.

## JAARLEUSE 2025: VIP – VRIENDELIKHEID, INTEGRITEIT & POSITIWITEIT

Ons leuse vir vanjaar is: "VIP – Vriendelikheid, Integriteit & Positiwiteit". Ek wil elkeen bedank wat die afgelope jaar 'n rol gespeel het om ons leuse uit te leef: opvoeders, leerders, ouers/voogde, oud-leerders, ondersteuners en vriende van die skool. Sonder u samewerking, lojaliteit en ondersteuning is die prestasies wat ons vanaand eer, nie moontlik nie.

'n Spesiale woord van dank aan al die personeel van die skool. Julle het my hande op alle terreine gesterk, was altyd bereid om die ekstra myl te loop en is 'n wenspan. Ek glo dat die personeel van 'n skool, die skool se mees kosbaarste bate is. Dit is 'n voorreg en 'n eer om saam met u te werk. Die sukses van die afgelope jaar was 'n spanpoging. Ons is die skool in die platteland, vir die platteland. 'n Skool met omgee-harte wat ons leerders se belange altyd eerste sal stel. Laaste, maar nie die minste nie. Alle eer en dank aan ons Hemelse Vader, sonder wie ons niks sou kon bereik nie. "Nisi Dominus Frustra" – sonder God is alles tevergeefs!

Soos ons afsluit met die jaarverslag van 2025, staan dit vas dat Hoërskool Montagu 'n skool is wat groei, presteer en saamstaan. Ons het baie om op trots te wees, maar ook baie om na uit te sien in 2026. Mag die nuwe jaar gevul wees met geleenthede, seëninge en die volgehoue strewe na uitnemendheid – in akademie, sport, kultuur en leierskap. Ons glo dat elke Montie die toekoms met moed en integriteit sal aanpak.

Alle eer aan God vir die afgelope jaar – sonder Hom is alles tevergeefs. Laat ons 2026 instap met vriendelikheid, integriteit en positiviteit as ons riglyne.

Hoërskool Montagu – die skool in die platteland, vir die platteland!

**JOHAN BENADIE**
**Skoolhoof: Hoërskool Montagu**
**14 Oktober 2025**